

## Sing vooraf staande: Psalm 25:2, 3 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;  
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.  
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;  
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 3 Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit;  
milde hande, vriendlike oë / is by U van ewigheid.  
Dink nie aan die sondes meer / van 'n yd'le jonkheidslewe;  
wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 84:1, 3, 4 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer  
my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan  
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.  
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte in U mag vind,  
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,  
dan is die HEER self hul fontein / waar dorstand smag van somerdroogte.  
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.
- 4 Hul sal van krag tot krag steeds gaan / totdat hul voet in Sion staan:  
geeneen wat daar nie sal verskyn nie. / Let, HEER der leërskaare, let  
op my geroep, hoor my gebed, / en laat my nie in druk verkwyn nie.  
Leen my 'n toegeneë oor; / o Jakobs God, gee my gehoor!

## Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

## Psalm 25:8, 9 (p. 117)

- 8 O my God, ontferm U oor my / in my diepe ongeluk;  
eensaam is ek – o verhoor my! – / gans ellendig en in druk.  
Om my heen, aan alle kant, / is die skrik van duisend dode;  
laat dan, HEER, u regterhand / my verlos uit al my node.
- 9 Slaan op my ellende u oë, / hoor my, HEER, uit medely;  
neem my sondes uit meedoë / almal weg, vergeef dit my!  
HEER, aanskou die leërmag / wat om my vermenigvuldig,  
want hul lê op my en wag – / vol van haat en ongeduldig.

Gebed

## Psalm 34:7, 8, 9 (p. 168)

- 7 God wend sy aangesig / teen hul wat sy bevel weerstaan,  
Hy laat hul naam met hul vergaan / deur hoogste strafgerig;  
maar Hy sien gunstig neer / op die regverdige geslag;  
Hy neig sy ore tot hul klag / en red hul altyd weer.
- 8 Die HEER's die hart naby / wat gans verbroke is en verskeur.  
Die gees wat diep verslae treur, / verlos, bemoedig Hy.  
Hoe kom hul altyd weer, / die teëspoede van wie hier  
regverdig leef; maar Gods bestier / red hulle keer op keer.

9 Sy beend're word bewaar: / God sorg dat daar geeneen van breek.  
Maar wie hom haat – die onheil wreek / dit op die skuldenaar.  
Die HEER sal hul bewaar, / sy volk wat op sy hulp vertrou.  
Hy sal hul in sy guns aanskou / en skuldig nooit verklaar.

**Skriflesing:** 2 Samuel 24:1-25

**Kernverse:** 2 Samuel 24:17

**Terwyl Dawid die engel sien wat die volk tref, sê hy vir die Here: Dit is ék wat gesondig het. Ja, ék het oortree. Wat het hierdie arme mense gedoen? Tree liever op teen my en my familie.**

(2 Samuel 24:17 AFR83)

**Tema:** Wat beteken dit om jouself voor God te verootmoedig?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, daar kom tye in 'n mens se lewe waarvan 'n mens kan sê: Ek het regtig by 'n kruispunt in my lewe gekom. Ek moet vandag 'n keuse maak na die een of ander kant toe. Wanneer gelowiges by so 'n kruispunt in hulle lewens kom, wil hulle graag die regte keuse maak. Dit is die keuse waarmee ons die Here tevrede sal stel. Maar ons moenie net die regte keuse maak nie; ons moet hierdie keuse ook uitvoer soos wat die Here dit wil hê.

Nou is dit ook so dat die Heilige Gees ons gelowiges se lewens so bestier dat ons wel by daardie kruispunte in ons lewens uitkom. Hy maak ons oë oop om raak te sien wat rondom ons aan die gebeur is. Hy laat die benoudheid in ons hart groei sodat ons tot stilstand sal kom en besin oor wat aan die gang is. En wanneer ons tot stilstand gekom het by die kruispunt, kom spreek Hy die Woord van ons goeie God: Mens, hier is die probleem en hier is die pad waarop jou goeie Herder jou wil lei.

Broers, susters en kinders, vandag is die dag dat die Heilige Gees ons by die kruispunt in ons land se geskiedenis, in ons stad se geskiedenis, in die lewe van ons as gemeente en in my en jou persoonlike lewe kom laat stilstaan. Met jou en my – met ons almal – kom praat Hy. Hy vra: Wat is hier aan die gang? Kyk hoe lyk die land wat die Here vir julle gegee het. Kyk net watter onreg vind alles plaas in die stad waar julle lewe. En julle as kerk van die Here Jesus, is julle werklik volledig op die koers wat die Here julle wil hê? En julle elkeen se lewens, kan julle daarmee tevrede wees? Is dit nou maar hoe dit is en dit nie anders kan nie?

Ons moet liefers nie te vinnig sê: Maar, Dominee, my lewe is mos reg, nie. Die fout lê nie by my nie. Dit is hierdie ander mense. Hulle is gebore kommuniste, 'n korrupte spul wat van God en sy gebod niks wil weet nie. Jy moenie met my praat nie. Gaan praat met hulle.

Geliefdes, ons mense se moeilikheid is dat ons nie graag wil hoor of wil weet dat ons verkeerd is nie. Dit aan die een kant. Aan die ander kant raak ons so gewoon aan ons lewe waarin ons is, gewoon aan alles wat rondom ons gebeur, dat ons ook nie raaksien waarmee ons besig is nie. Iemand van buite af moet vir ons kom sê: Maak jou oë oop, kyk! En nou gebeur dit nie altyd met woorde nie, maar juis met die dinge wat met ons gebeur. Met die toestand in ons land en in ons stad, al die haat en onreg wat so hoogty vier – met hierdie dinge lei die Heilige Gees ons tot by die kruispunt in ons lewe. Waarheen nou? Wat wil die Here nou hê moet ons doen?

Met Dawid en die hele volk Israel het dit eintlik baie goed gegaan. Dawid en Israel het die een oorwinning na die ander oor hulle vyande behaal. Gedurende die regeringstyd van Dawid het Israel al die oorblywende heidense volke in die beloofde land tot oorgawe gedwing. Die Filistyne en die ander omringende heidense volke het nie meer 'n bedreiging vir Israel ingehou nie. In 'n stadium het Dawid nog erken dat hierdie oorwinnings net kon plaasvind deur die krag en seën van die Here. Maar

stadig maar seker, en ons weet mos hoe dit by ons ook gebeur, geliefdes, het daar by Dawid en Israel 'n selftevreedenheid posgevat. Ons is nou veilig. Ons is waar ons wil wees. En mettertyd het daar 'n trots en 'n hoogmoedigheid by Dawid en Israel begin groei. 'n Houding van: Ons hoef vir niks en niemand terug te staan nie. Ons is oukei.

Hierdie gesindheid het gemaak dat Israel en Dawid die Here tog maar so 'n bietjie op die agtergrond begin skuif het. Hulle het nog in die Here geglo, moenie 'n fout maak nie. Hulle het nog die Here gedien, maar in hulle hart het hoogmoed begin groei terwyl hulle dink dat hulle saak met die Here eintlik reg is. Hierdie gesindheid het die Here gegrief; dit het Hom woedend gemaak. So 'n gesindheid veroorsaak mettertyd dat 'n mens nie meer ernstig en krities na jou eie verhouding met die Here kyk nie. Maklik sê 'n mens: My saak met die Here is reg, terwyl dit intussen lankal nie meer is soos wat die Here dit wil hê nie.

Omdat die Here gegrief was oor hierdie gesindheid in Dawid en Israel se lewens en Hy wou hê dat hulle daarvan ontslae moet raak, het die Here Dawid teen Israel aangehits. In 1 Kronieke 21 lees ons die Satan het Dawid aangehits. Die Here het toegelaat dat Satan Dawid se hoogmoed aanblaas om die volk te tel sodat die Here uiteindelik deur dit alles vir Dawid en die volk kon tug. Natuurlik kon die Here Israel getug het sonder om Dawid daarin te gebruik, maar in sy volmaakte wysheid het die Here gekies om dit so te doen.

Om die volk te tel was op sigself nie verkeerd nie. Baie dinge wat ons ook doen, is self nie noodwendig verkeerd nie, maar deur ons gesindheid waarmee ons dit doen of waarom ons dit doen, word dit sonde vir ons. Dawid het uit hoogmoed en trots die volk laat tel en selfs nie eers Joab se waarskuwing kon hom van sy plan laat afsien nie. Dawid se trots en hoogmoed oor sy eie vermoëns het van die volkstelling 'n sonde vir Dawid gemaak. Van die sewe dinge wat God haat, is hoogmoed die eerste, sê die digter in die boek Spreuke:

**Die Here haat ses dinge, nee, daar is sewe waarvan Hy 'n afsku het: oë wat straal van hoogmoed, 'n tong wat lieg, hande wat met bloed bevlek is, gedagtes wat met komplotte besig is, voete wat net een koers ken, dié van die kwaad, 'n getuie wat lieg en iemand wat rusie stook tussen broers.** (Spreuke 6:16-19 AFR83)

Hoe lyk dit met ons, geliefdes? Is ons saak met die Here werklik reg? Baie van ons sal seker vanoggend sê: Ja, my saak met die Here is reg. Sommige sal sê: My saak met die Here is nie heeltemal reg nie, maar ek glo nog en ek bid nog. My verhouding met die Here is daarom nie heeltemal verkeerd nie. Ek glo nie een van ons sal sommer vanoggend sê dat ons heeltemal van die Here se pad afgedwaal het nie. Ons glo mos nog in die Here en ons dien Hom. Uiterlik lyk dit of die dinge nog reg is. Maar wat is die gesindheid van ons hart? En as ons eerlik moet wees, lyk dit asof ons ook sal moet sê: Ons het tevreedenheid in onself. Omdat ons nog glo, omdat ons nog bid, omdat ons nie heeltemal wegbly van die Woord van die Here en die verkondiging daarvan nie, is ons nog orraait. En as daar vir ons gesê word ons moet ons bekeer, val ons monde van verbasing oop. Waarvan moet ons ons bekeer? Ons is mos Christene?

Geliefdes, Israel en Dawid was ook daar. Na al die welslae wat hulle behaal het en omdat hulle nog in die Here geglo het en Hom gedien het, sou 'n oproep tot bekering hulle ook net verbaas het. Daarom het die Here deur dit wat gebeur het hulle tot by bekering gebring. Omdat ons van nature ook al hoe dower geword het vir die oproep van die Here om ons te bekeer, laat die Here dinge in ons land en in ons stad, in ons gemeente en in ons huise gebeur. En mettertyd maak die Heilige Gees ons oë oop om raak te sien wat gebeur. Hy lei ons om self te vra wat aan die gang is. Hy bring ons by die kruispunt waar ons moet kies.

Dawid se oë het vir sy sonde eers oopgegaan toe hy dit klaar gedoen het. Het ons oë al oopgegaan vir ons sondes? Broers, susters en kinders, ek hoop van harte dat die Heilige Gees ons ook vandag

sal laat raaksien waar ons verkeerd en dwaas opgetree het. En as ons nog nie weet nie, moet ons bid en vra dat die Here ons sal wys. Die dinge kon tog nie sommer net vanself so verkeerd gegaan het in ons land nie. Die feit dat 'n gemeente en gelowiges afsonderlik nie werklik groei in geloof en getalle nie, is nie iets wat sommer vanself gebeur het nie. Dit is ook nie ander se skuld of net ander se skuld nie. Mag die Here ons oë vandag oopmaak soos wat Hy Dawid se oë oopgemaak het.

Vir nege maande en twintig dae was daar by Dawid geen inkeer nie. Eers toe Joab die resultaat voor hom op die tafel neersit, het Dawid se gewete hom begin pla. Dit was so erg dat hy nie kon slaap nie. Ons weet mos hoe ons ook maak, geliefdes. Wanneer ons besig is met wat ook al wat teen die wil van die Here is, probeer ons dit op elke denkbare manier goedpraat. Dit is eers wanneer ons die resultaat van ons optrede of woorde sien dat ons tot inkeer kom en besef ons het teen die Here gesondig. As Dawid vroeër besef het dat hy besig is om teen die Here te sondig, sou hy Joab teruggeroep het. Maar omdat die Here hoogmoed haat en Hy dit by Dawid en die volk wil afbreek, laat Hy toe dat Dawid die hele volk klaar tel.

Dit is hier waar ons vanoggend wil uitkom. Ons wil weet wat is die roete om jouself voor God te verootmoedig. Die eerste stap, leer die Here ons, is om te besef dat jy sonde gedoen het. Toe Dawid die resultaat van die volkstelling sien, was hy oortuig dat hy teen die Here se wil oortree het. Sy gewete het hom gepla. Deur al die jare se onderrig wat hy van die Here ontvang het, het die Heilige Gees vir Dawid in sy gewete geprik sodat hy besef hy het gesondig. 'n Gelowige raak gewoon aan die sonde. Ons doen dit en dit pla ons later nie meer nie omdat ons iets van 'n eelt oor ons gewete laat groei. Maar die Here laat sy kinders nie toe om gevoelloos te word oor hulle sonde nie. Met daardie woorde wat die Heilige Gees oor 'n tyd in ons hart ingedra het, kom prik Hy ook ons gewete – nie van buite af nie maar binne af. Skielik besef 'n mens dat jy teen die Here gesondig het.

Vir baie mense sou Dawid se sonde na 'n kleinigheid gelyk het. Maar deur die werk van die Heilige Gees het hy geweet dit was sonde om die volk te tel. En 'n sonde teen die Here is altyd swaar. **Ek het swaar gesondig** (2 Samuel 24:10 AFR83), sê Dawid. Wanneer ons teen die Here sondig, maak nie saak watter sonde dit is nie, dan sê ons met ons optrede dat ons die Here haat. Iemand wat die Here tog liefhet, sal die Here gehoorsaam. Iemand wie se saak regtig reg is met die Here, sal fyngvoelig wees om nie die Here te bedroef met sondige woorde of dade of gedagtes nie.

En as 'n mens eers besef hoe erg jou sonde teen die Here werklik is, kom jy agter hoe dom jy werklik was om dit te gedoen het. Dawid sê: **Waarlik, ek het baie dwaas opgetree** (2 Samuel 24:10 AFR83). Uit sy trots en hoogmoed het hy Israel getel asof hulle aan hom behoort omdat hy die koning is, terwyl Israel eintlik die Here se volk is. My vraag is: Het hoogmoed nie ook al 'n groot deel van ons lewens geword nie? Ons sê mos maklik dat dit my lewe is en my liggaam en ek kan daarmee maak wat ek wil. Intussen vergeet ons dat ons liggame aan Jesus Christus behoort net soos ons siele, want met sy kosbare bloed het Hy vir ons liggaam en siel aan die kruis betaal. Net so kan ons ook sê: Dit is my rekenaar, my selfoon, my motor, my huis, my kerk en ons kan daarmee maak wat ons wil. Intussen leer die Here ons dat die hele aarde en alles wat daarop is, aan Hom behoort. Hoe dwaas het ons nie al in ons hoogmoed geword nie!

Broers, susters en kinders, die eerste twee stappe van egte verootmoediging is dan dit: Ons moet besef dat ons sonde gedoen het, en ons moet besef dat ons sonde verskriklik groot is. Eers as ons daarby uitgekom het, kan ons by die derde stap kom, naamlik om by die Here om vergifnis te smee. Dawid het eers gesê dat hy swaar teen die Here gesondig het voordat hy gevra het: Vergewe tog nou my oortreding, Here. Die Here belowe immers aan ons dat iemand wat met egte berou oor sy sonde om vergifnis smee, vergewe sal word.

Die Here is inderdaad gereed om 'n mens wat opreg om vergifnis smee, te vergewe. Die Here was ook gereed om Dawid se skuld te vergewe. Dawid se verhouding met die Here was aan die herstel,

maar die sonde wat gedoen is, kan nie net sommer so van die tafel afgevee word nie. Vergifnis het 'n prys, 'n baie hoë prys. Dit was mos nie net Dawid se sonde nie, maar die hele Israel was ook hoogmoedig en selfversekerd. Daarby moet ons ook onthou dat die Here regverdig is. As Hy gesê het sonde sal gestraf word, kan ons seker wees dit sal gestraf word.

En moenie ooit dink dat die Here lekker kry as Hy sy kinders oor hulle sondes moet straf nie. Die Here gee aan Dawid 'n keuse van drie maniere waarop Hy sy volk oor hulle hoogmoed moet tug, want die Here wil nie dat sy volk moet swaarkry nie. Tog kan die sonde nie ongestraf bly nie, maar die straf op die sonde behoort ook in ooreenstemming te wees met die sonde. Dawid en die volk was hoogmoedig oor hulle baie getalle en hulle groot krag. Daarom moet die hoogmoed ook ten opsigte van hulle getalle en krag afgebreek word. Hongersnood, oorlog en pes sou die getalle van Israel drasties verminder.

Op hierdie keuse wat die Here aan Dawid stel, kan hy nie anders nie as om nederig te antwoord. As daar oorlog moet uitbreek, is Dawid en Israel in die hande van mense uitgelewer by wie genade maar min is. Hongersnood en pes kom meer direk uit die hand van die Here, maar Dawid weet nie watter een van die twee om te kies nie. Daarom vra hy:

**Laat my liefier in die hande van die Here val, want sy genade is groot.**

(2 Samuel 24:14 AFR83)

Laat die Here maar eerder kies hoe Hy sy volk sal tug.

En watter groot genade openbaar die Here nie? In plaas van sewe jaar hongersnood het die Here gekies om sy volk met drie dae pes te tug. Van die oggend tot die aand het die Here 'n pes onder die volk ingestuur. En van die noorde tot die suide het daar binne 'n kwessie van nege na tien uur 70 000 gesterf. Dit het Joab bykans tien maande geneem om die hele Israel te tel, maar binne tien uur verminder die Here hulle getalle met 70 000. En die engel van die Here was nog nie klaar met sy opdrag nie, want sy hand was met die ontblote swaard uitgesteek om Jerusalem ook te verdelg.

Die land het die hele dag die bitter beker van die Here se toorn en woede oor die sonde gekry om te drink, maar die galbitter afsaksel was vir Jerusalem bedoel. Dan besluit die Here om die straf nie verder te voer nie en Hy sê vir die engel:

**Dit is nou genoeg. Trek jou hand terug.** (2 Samuel 24:16 AFR83)

Dit beteken egter nie dat die Here van gedagte verander het omdat Hy spyt sou gekry het oor sy besluit nie. Die Here het sy manier van tug verander; in plaas daarvan dat sy volk vir drie dae moes swaar kry onder die pes, het Hy die tug net een dag volgehou. Die Here se genade is inderdaad groot, soos wat Dawid geglo het. Broers, susters en kinders, hier moet ons mooi sien hoe gretig die Here is om te vergewe en dat dit glad nie vir Hom lekker is om sy kinders te tug nie.

Geliefdes, die plek waar die Here vir sy engel gesê het dat dit nou genoeg is, is dieselfde plek waar die Here ook eeue gelede vir Abraham gesê het dit is nou ver genoeg, dat hy nie sy enigste seun, Isak, moes doodmaak nie, maar die ram in sy plek moes offer. Toe die engel gereed was om Jerusalem te verdelg, sê God: **Dit is nou genoeg** (2 Samuel 24:16 AFR83). Vir eers was dit genoeg. Maar die sonde was nog nie gestraf soos wat dit verdien het nie. Die sonde sou uiteindelik eers genoegsaam gestraf word wanneer God se eie Seun aan die kruis sterf vir die sonde van die ganse mensdom. As Christus aan die kruis uitroep: **Dit is volbring!** (Johannes 19:30 AFR83), dan eers is die sonde genoegsaam gestraf. Jerusalem en Dawid self wat verdien het om onder die pes te sterf is gespaar ter wille van die groot offer wat Christus self sou bring.

Die Here het sy manier van tug verander. Hy het sy engel gekeer om verder te gaan. En kyk nou wat veroorsaak dit by Dawid. Daar kom by Dawid 'n verdiepte berou oor sy sonde. Hy buig homself nog

laer af voor die Here in sy skaamte oor sy sonde. Hy weet dat hy eintlik verdien het om deur die pes te sterf; hy sê dit ook, maar dit gebeur nie. Nog voordat Dawid self kon boet vir sy sonde, het die Here opgehou om te tug.

Geliefde broer, suster en kind, wat gebeur binne-in ons as ons vanoggend besef dat ons eintlik verdien het om as gevolg van ons sondes deur die Here gestraf te word? Baie ander mense het al as gevolg van die sondes en vanweë die sondes in ons land gesterf of groot skade gely, maar ons het tot dusver redelik vry daarvan losgekom. Die Here het tot dusver nog elke keer die tug digby jou en my gestop. Sien ons die groot genade van die Here daarin raak? Dawid het dit raakgesien en homself nog meer verootmoedig voor die Here.

Met Dawid het gebeur wat die Here deur sy profeet Esegïël gesê het:

**Jy sal van skaamte nie weer jou mond kan oopmaak nie, want Ek gaan My met jou versoen ten spyte van alles wat jy gedoen het.** (Esegïël 16:63 AFR83)

Dawid het in skaamte neergeval voor die Here en gesmeek dat die volk ten koste van hom gespaar moet word. Uiteindelik het Dawid se Seun, ons Here Jesus Christus, in jou en my plek kom staan. Ten koste van Homself het Jesus die straf op die sonde gedra sodat ons gespaar kon word en God met ons versoen kon word sonder dat onself vir die skuld van ons sondes betaal. Ten spyte van alles wat ons gedoen het, het God Homself met ons versoen.

Hierdie is dan die vierde stap in ons verootmoediging voor die Here, geliefdes. Ons moet, as gevolg van God se groot genade, so skaam word oor ons sondes dat ons nie weer ons mond kan oopmaak om te kla en te skree teen die Here nie.

Maar dit is nog nie die laaste stap nie. Dit kom nog. Omdat die Here tevrede was met Dawid en die leiers van die volk se verootmoediging het Hy aan Dawid die bevel gegee om 'n altaar op die dorsvloer van Arauna te bou. Dawid het toe brandoffers en maaltydoffers op die altaar gebring. Hierna het die Here weer die gebede vir die land verhoor, en die plaag is uit Israel weggeneem.

Broers, susters en kinders, ons almal wil graag hê dat die geweld en bedrog in ons land tot 'n einde sal kom. Ons wil in vrede met almal lewe. Ons wil veilig in ons land wees sodat ons die Here ongehinderd kan bly dien en sy opdragte uitvoer. Ons wil graag as gemeente die kerk wees wat die Here bedoel het ons moet wees. Ons wil groei in ons geloof, ons wil groei in getalle. Ons wil hê dat daar vrede in ons huise sal wees. Dan moet ons ons verootmoediging enduit voer.

Ja, ons word nie beveel om vandag 'n altaar te bou nie, maar ons moet steeds offers aan die Here bring – geestelike offers wat Hom vereer. Daardie offers is onself. Ons moet onself as lewende offers aan die Here gee. Ons lewe van elke dag moet getuig dat ons toegewy aan die Here lewe. Ons gehoorsaam Hom oral en altyd. Ons brandoffers is om onself en alles wat ons is en het tot eer van die Here te gee en te gebruik. Ons maaltydoffers is om regtig in mekaar belang te stel, na mekaar se belange om te sien sodat ons mekaar aanhoudend in gebed aan die Here kan opdra.

Solank as wat ons nog nie hierby uitgekom het nie, moet ons weet dat ons nog tekort skiet. As ons nie vandag die genade wat die Here aan ons bewys gaan aangryp om ons lewens daadwerklik in ooreenstemming met sy wil te bring nie, was vandag maar eintlik 'n nuttelose dag. Dan het ons maar net weer in die Here se ore gekla en niks meer nie. Ja, dan het ons onself nie voor die Here verootmoedig nie. Dan moet dit ons ook nie verbaas as die tug van die Here deur al die geweld nog meer intens gaan word nie.

Broers, susters en kinders, die Here gee vandag vir ons ons 'n vyfpuntplan waarmee ons die regte keuse by die kruispunt in ons lewe kan neem:

1. Ons moet besef dat ons gesondig het.
2. Ons moet besef hoe verskriklik groot ons sondes is.
3. Ons moet by die Here smeek om ons te vergewe.
4. Ons moet skaam word oor ons sondes.
5. Ons moet daadwerklik ons lewens inrig volgens die wil van die Here.

Dan weet ons dat God se versoening deur Jesus Christus met ons nie verniet was nie.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 116:7, 9, 10 (p. 570)

- 7 Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld? / Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?  
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade / en by die kelk van heil sy Naam vermeld.
- 9 Ag, HEER, ek is, o ja, ek is u kneg, / seun van u diensmaagd, in u diens gebore:  
my bande<sup>is</sup> los; vir hoër diens verkore, / bring ek die offers, aan U toegeseg.
- 10 Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.  
Jerusalem, ek hoor om jou altare / die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
17 Februarie 2013